Hallo Hoogland
28 Maart 2021

Hosannas wat stil word
Markus 11:1-11
Palmsondag 09:00 @ Hoogland

Groot Lydensweek @Hoogland
Sondag 28 Maart 09:00 Palmsondag
Donderdag 1 April 18:30 Wydingsnagmaal
Vrydag 2 April 09:00 Goeie Vrydagdiens
Sondag 4 April 06:00 Sonsopkomsdiens
(te Humble Ways)
Sondag 4 April 09:00 Opstandingsondag

Baie welkom by Hoogland

Program vir die dag

09:00 Oggenddiens Palmsondag : Ds Pieter Nel
10:00 GVG vir Gr 4, 5, 6, 9, 10 & Finale Fase

(10% van Sondag se dankoffers word gegee aan die Sinode vir Vroubediening)

Program vir die week

Dinsdag: 30 Maart
14:00 Vrouebybelstudie

Woensdag: 31 Maart
08:45 Buffelsfontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie
11:00 Woord Werkgroep

Donderdag: 1 April
18:30 Wydingsnagmaal

Vrydag: 2 April
09:00 Goeie Vrydagdiens

Alle Eredienste oor die Paastyd

is regstreeks op Hoogland se webblad, *facebook* blad & *YouTube* kanaal beskikbaar.

www.pehoogland.co.za
-> PREKE -> REGSTREEKS

079 815 9325 | facebook.com/pehoogland | #hooglandpe | PE Hoogland

Hoogland Dankoffers

Dit is met dankbaarheid, geloof en vertroue dat ons mekaar steeds aanmoedig om ons dankoffers, asook Sondag-kollektes in te betaal.

Maak gerus van hierdie metodes gebruik:

SnapScan QR-kode

EFT:
ABSA Tjek
1400 149 980

Zapper QR-kode

Hoogland : Geloof deur liefde tot dade

Lydenstyd 2021 ...

Rooi Lappe :

ONTHOU om vir die duur van GROOT Lydensweek (28 Maart tot 3 April) 'n rooi lap om 'n boom te draai of om jou hek te bind as getuienis dat ons as gelowiges in Lydenstyd is.
Sondag 4 April vervang ons hierdie rooi lap met 'n wit doek om Opstandingsdag te vier.

Wydingsnagmaal:

Let asseblief daarop dat die Nagmaal tydens Donderdagaand se Wydingsgeleentheid bedien en gebruik sal word. Indien u regstreeks gaan inskakel by hierdie geleentheid, word u genooi om 'n bietjie wyn en 'n broodjie gereed te hou en tuis die Nagmaal te gebruik.

Sonsopkomsdiens:

Die jaarlikse Paassondag-Sonsopkomsdiens sal oudergewoonte weer hierdie jaar om 06:00 die oggend by Humble Ways plaasvind.
Daar is egter beperkte spasie in die kapel en net 30 persone sal toegelaat word. U word dus versoek om Annalize te kontak en plek te bespreek indien u wil saamgaan en deel in die Sonsopkomsdiens!

Onthou jou fles warm koffie met lekker paasbolletjies, 'n flits en ook jou masker. Ons kry mekaar stiptelik om 05:30 voor by die kerk se parkering, maar verdere reëlings sal bevestig word met jou bespreking.

Bevestiging van Kerkraadslede

Die volgende Kerkraadslede word vanoggend in hulle ampte bevestig:

Ouderlinge: Wynand Breytenbach en Marieta Randall

Diaken: Rossouw Botha.

Baie seën en voorspoed in die uitvoering van u verantwoordelikhede as Kerkraadslede.

Uit die hart

Koninklike families was om verskeie redes die afgelope tyd in die nuus:

- Kletsprogramaanbieder Oprah Winfrey se onderhoud met die hertog en hertogin van Sussex, Prins Harry en sy vrou Meghan Markle, het omtrent reaksie uitgelok. Hierdie onderhoud is al meer as 50 miljoen keer gekyk.
- Op eie bodem sterf die Zulu Koning: Goodwill Zwelithini in die ouderdom van 72 jaar, weens COVID-verwante komplikasies. Eskom het selfs beurtkrag opgehef sodat die koning se begrafnis gevolg kan word en 'n drie maande routydperk word aangekondig.

Aardse koninklikes word geassosieer met mag, rykdom, invloed, besittings en aansien. Regoor die wêreld is gewone mense geïnteresseerd in al hul doen en late en sal ure voor die televisie deurbring om te weet wat gebeur.

So omtrent 500v.C. tree Sagaria as profeet op en ontvang 'n profesie wat hy bekend maak: *"Jubel, Sion! Juig, Jerusalem! Jou koning sal na jou toe kom. Hy is regverdig en hy is 'n oorwinnaar, hy is nederig en ry op 'n donkie, op die hingsvul van 'n donkie."*

In 33n.C. gebeur dit dan presies so: Jesus ry Jerusalem binne op 'n donkie waarop nog nooit gery is nie. Daar was nie kameras wat flits, 'n rooi tapyt en regstreekse uitsending van die gebeure nie. Wel 'n donkie, want konings wat in vrede kom en mense dien, het op donkies gery. (Perde is gery wanneer oorlog gemaak is.) Daar was palmtakke, want dit het oorwinning simboliseer.

In Openbaring 7:9 sien ons weer die palmtakke waai: *"Hierna het ek 'n groot menigte gesien wat niemand kon tel nie. Hulle was van elke nasie, stam, volk en taal en het voor die troon en voor die Lam gestaan. Hulle het wit klere aangehad, en daar was palmtakke in hulle hande. Hulle het hard uitgeroep: "Ons redding kom van ons God, wat op die troon sit, en van die Lam!"*

Dít is my koning: regverdig, oorwinnaar en nederig...

Ds Pieter



Wanneer vas en bid ons?

Die laaste week van die vas het aangebreek. Hierdie week vas en bid ons deur die gebeure van Groot Lydensweek. Daar is vir elke dag 'n gedeelte om te lees, stil te raak en daaroor te bid. Moenie hierdie tyd afskeep nie. Groot Lydensweek is van die grootste weke in die kerklike jaar.
ONTHOU dat jy jou vas met eerste lig van Opstandingsondag ophef, want dan vier ons Jesus se opstanding uit die dood en oorwinning.

Groot Lydensweek

Die meegaande *Paasfees Skattejag blad*, nooi kinders en gesinne uit om elke dag iets te vind en dit rondom 'n kruis te pak soos ons deur hierdie week stap. Dalk wil jy dit ook doen, al is daar nie meer kinders in jou huis nie. Dit is net 'n herinnering en viering van Groot Lydensweek.

Sondag, 28 Maart: *Palmsondag*

Simbool: 'n Palmtak of kledingstuk

Lees die intog van Jesus in Jerusalem uit Matteus 21:1-11.

Bid: Waarvoor sou jy vir Jesus vandag wil loof en aanbid? Bring dit in opregtheid na God in gebed.

Maandag, 29 Maart: *Die laaste ete*

Simbool: 'n Bakkie water en seep & 'n broodjie en 'n glasie

Lees: Johannes 13:1-17 en Matteus 26:26-30

Bid: Ondersoek jouself in gebed ten opsigte van diensbaarheid. Vra dat God deur Sy Woord en Gees jou diensbaarheid wil gebruik.

Dinsdag, 30 Maart: *Getsemane*

Simbool: 'n Olyftak, of enige ander groen takkie

Lees: Matteus 26:26-30

Bid: Ondersoek biddend jou gebedslewe saam met God.

Woensdag, 31 Maart: *Petrus verloën Jesus*

Simbool: 'n Veer wat herinner aan die haan wat gekraai het.

Lees: Matteus 26:69-75

Bid: Verloëning gebeur dikwels ook met ons, soos met Petrus: dit word nie vooraf beplan nie, maar op die ingewing van die oomblik en in die situasie. Vra dat God deur Sy Gees jou sal sterk maak om Hom nie te verloën met jou lewe nie.

Donderdag, 1 April: *Jesus se verhoor*

Simbool: 'n Stukkie tou / doringtak / pers lap

Lees: Matteus 27:11-31

Bid: Was jy al ooit onskuldig aangekla ? *"O Lam van God, onskuldig, wat moedig en geduldig aan daardie kruishout ly - verdien dan nie my sonde die slae en die wonde? U skenk die ware vrede; U bring my na die Vaderhuis.*

Vrydag, 2 April: *Jesus word gekruisig*

Simbool: 'n Sponsie / glasie wyn / dobbelsteen / spykers

Lees: Matteus 27:32-44, 50-41

Bid: *"Verlate van u vriende, verlate Worstelaar; verlate van die Vader - verlate Middelaar! Net pyn en dors en duister is by U in u nood; ontdaan van aardse luister, oorwin U tog die dood!"*

Sondag, 4 April: *Die leë graf*

Simbool: 'n Klip

Lees: Matteus 27:57-66 en 28:1-10

Bid: *"U leef, U sterf in my belang. U kan ek nou met vreugde dien in ruimte deur U kruis voorsien. U liefde so volmaak en vry eis alles, alles ook van my."*